**Schalk le Roux**

# Om argitektuur te skryf

*Peer reviewed*

**Abstrak**

Sedert die jare dertig van die negentiende eeu het vaktydskrifte, saam met die stigting van die eerste Institute vir Argitektuur, die lig gesien. Hulle het die Institute se opgeneemde plig om lede se werk en status te beskerm en te bevorder, propageer. Hierdie Joernale is meestal deur argitekte vir argitekte geskryf. Dit het daartoe gelei dat die argumente selde buite die beroep weerklank gevind het en die gesprekke tussen argitek en publiek frustreer is. Argitekte word moontlik self deur hierdie toestand benadeel en daar word gestel dat dit nie so moeilik is om verstaanbaar oor argitektuur te skryf nie. Die soortgelyke ondervinding in Suid Afrika word uitgelig.

**Sleutelwoorde**: Argitektuur, instituut, joernaal, skryf, tydskrif

**Abstract**

Since the 1830s, along with the the founding of the first Institutes for Architecture, journals began to be published. They promoted the adopted duty of the Institute to protect the works and status of its members. These journals were mostly written by architects for architects, which led to the situation that arguments seldom met with a response outside the profession, and caused the discourse between architect and public to be frustrated. This state of affairs is possibly injurious to architects themselves, and it is stated that it is not all that difficult to write intelligibly about architecture. A similar experience in South Africa is highlighted.

**Keywords**: Architecture, institute, journal, magazine, writing

Prof. Schalk le Roux, Department of Architecture, University of Pretoria, South Africa. Email: <schalk.leroux@up.ac.za>

## 1. Inleiding

Die belang om die status en werk van argitekte te omskryf, te beskerm, openbaar te maak en te bevorder loop saam met die opkoms van die eerste Institute vir argitektuur in die negentiende eeu. Die stigting van amptelike tydskrifte of joernale was hoog op die agendas van vroeë vergaderings van die 'Learned Societies' in Engeland en Amerika. Dit het nie beteken dat die debat in hierdie tydskrifte verder as die argitekte self gereik, of dat die besorgdhede waarmee die Institute geworstel het ooit wyer as 'n kundige binnegroep gestrek het nie.

Die Suid-Afrikaanse ondervinding was nie anders nie. Uniewording in 1910 het nie onmiddelik tot 'n landwye organisasie vir Suid-Afrikaanse argitekte gelei nie. Die Natal Institute of Architects en die Association of Transvaal Architects, wat onderskeidelik in 1902 en 1909 gestig is, het eers in 1927 met die Kaapse en Vrystaatse argitekte as die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte verenig.[1] Vereniging het nie eenheid gebring nie en verskeie sake het ongemak tussen veral die Kaapse en Transvaalse argitekte verseker (Lewis, 1953: 7-8; 11).

Die nuwe Instituut was baseer op die beginsels van die Royal Institute of British Architects (RIBA), daardie 'grootse, waardige en altoos hulpvaardige vader van alle Institute' soos die eerste gekose raad dit gestel het (Lewis, 1953: 16), en, soos die RIBA was die mikpunt om 'uniformity and respectability of practice in the profession' te bereik en die veld van die argitek se optrede te definieer (Saint,1983: 61).

As een van die strategiese stappe om die begeerde resultaat te haal het die Britse Instituut dadelik met sy stigting in 1834 by publiseerde argitektuurpropaganda betrokke geraak. Die latere vaste verband tussen Instituut en amptelike joernaal was gestel. *The Builder* het in dieselfde jaar sy verskyning gemaak en is deur verskeie ander gevolg; die *RIBA Journal* het in 1893 en die durende *Achitectural Review* in 1896 verskyn.[2]

---

1 Die Kaapse, Oos Kaapse en Vrystaatse argitekte was voorheen deur privaat geor ganiseerde liggame verteenwoordig (Lewis, 1953: 7).

2 *The Builder* dateer vanaf 1842; *The Architect* 1869; *British Architect* 1874; *Builders' Journal* 1895.

Die nuwe Suid-Afrikaanse Instituut het ook hier in die voetspoor gevolg. By die eerste vergadering in 1928 het die Raad dit belangrik geag om op die volgende te konsentreer:

- reëls vir argitektuurkompetisies (baseer op die ekwivalante dokument van RIBA);
- konsolidasie van munisipale bywette dwarsdeur Suid-Afrika;
- professionele opleiding; en
- die noodsaak vir 'n eie tydskrif (Lewis,1953: 8).

In ’n mate het die Instituut al hierdie mikpunte bereik. ’n Blywende sukses was om ’n tydskrif te bekom en aan die gang te hou. In 1928 het hulle die *South African Architectural Record* (*SAAR*) by die Transvaalse Instituut oorgeneem. Hierdie tydskrif is in 1916 as die *Journal of the Association of Transvaal Architects* gestig en bestaan, ten spyte van vele naamsveranderinge, vandag nog as *Architecture South Africa*.[3] Afgesien van hierdie joernaal is daar talle ander tydskrifte wat hulle spesifiek op die boubedryf toespits en waarin argitekte hulle idees kan wissel en dit ook doen.[4]

## 2. Om te skryf of te bou

Maar, dit is nie so maklik of gewoon om argitektuur te skryf nie. Dit is nie 'n analitiese verbesondering nie, maar eerder ’n omvattende sintese van ondervinding wat alle ander spesialiteite – van die kunste tot die wetenskap – as matryse vir besluite wil neem en toepas. Die gebou is in die argitek se woordeskat die eerste en vernaamste primêre bron, die verduideliking waarvan dikwels aan ander, veral historici, oorgelaat terwyl die volgende teks gebou word.

---

3 *The Architect, Builder and Engineer* is terselfdertyd in die Kaap publiseer; *SAAR* is later as *Plan* en toe as *Architecture SA* uitgegee.

4 Byvoorbeeld: *Acta Structilia*, *Art South Africa*, *De Arte*, *Suid Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, *South African Journal of Art History*, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*. Die durende *Architect & Builder* van Laurie Wale het naas die tydskrif van die Instituut, Suid Afrikaanse argitektuur sedert sy eerste uitgawe in Februarie 1951 op die voorgrond gehou. Artikels is deurgaans deur Wale self geskryf of redigeer (Wale, 1951: 19).

Hierdie stellings mag vreemd klink met die hedendaagse nadruk op die akademiese en teoretiese ondersoek en uitleg van argitektuur; tog het die benadering dat argitekte oor hulle eie werk skryf, dit verwoord en verantwoord nie 'n sterk historiese basis nie, nog 'n onbetwiste aanhang in die beroep self. In 'n langsame proses verskyn argitekte se siening van hulle eie werk as deel van die debat om argitektuurteorie en argitektuurgeskiedenis eers laat op die voorgrond. Hierdie skynbare geringskatting van hulle standpunte is verrassend gesien teen die dikwels aangehaalde teorie wat sedert Plato met ons is – dit is dat 'n bouwerk betekenisvol is in soverre dit die idees van 'n individuele ontwerper vertoon en verder, dat die geskiedenis van argitektuur 'n web weef van hierdie betekenisvolle idees soos in spesiale geboue uitgebeeld word (Watkin, 1977: 1-2).

Dit is selfs meer ongewoon as daar met Andrew Saint saamgestem kan word dat een van die leidmotiewe van argitektuurteorie, veral sedert die negentiende eeu, meer as enige ander propageer is: dit is die tema van artistieke individualisme wat meriete in spesifieke bouwerke en algemene ontwikkeling in argitektuur volgens persoonlike bevatting soek – gewoonlik van styl (Saint, 1983: 6). Kritici is gewoonlik in die geesteswetenskappe geskool en ent die tradisie, om artistieke skepping as die voortreflikste eienskap te beskou, op die argitektuur oor. In werklikheid word 'n analoog met digkuns of musiek geskep en die hoofdeug word aan die oorspronklike skepper toegeken.

Tog, as daar verder in die geskiedenis teruggekyk word, het die argitek se begrip vir sy eie werk nie 'n voorste rol gespeel nie. Afgesien van die Egiptiese 'argitek', Ineni, wat sy eie voortreflikheid, na 'n skynbaar skrale bydrae tot die argitektuur, onbeskroomd besing het (Briggs, 1974: 7), weet ons min van die eerste argitekte en hulle sienings en evaluerings van hulle eie werk. Oor die Parthenon kan skaars iets nuuts geskryf word. Tog is die idees van Kalikrates en Iktinos oor hulle ontwerpe onbekend (Carpenter, 1970: 106; 111). En die argitek van Alexandrië, Dinokrates, se oorspronklike, maar hoogs ongewone, verkryging van die opdrag is meer bekend as sy argumente vir die ontwerp van die stad (El-Abbadi, 1990:33-38). Marcus Vitruvius Polio (aktief 46-30vC) se dwingende 'krag, grasie en bruikbaarheid', onderlê steeds argitektoniese argument, maar andersins dra dit weinig tot die debat by. Uit die Middeleeue het

ons feitlik net Ab Suger se getuienis oor St Denis (1135-44) en die sketsboeke van Villard de Honnecourt (aktief c1225-1238).

Dit was gedurende die Renaissance in Italië dat die argitek-outeur op die voorgrond tree. Die model vir die skrywery is deur Leone Battista Alberti (1404-1472) in sy *De re aedificatoria* (1452, ten volle 1485) vasgelê. 'n Eeu na sy dood is die mees algemeen bekende argitektuurgeskrif, *I Quattro libri dell'Architetura*, deur Andrea di Pietro, bekend as Palladio (1508-1580) publiseer. Hierin besin hy onder andere oor sy eie werk. Michelangelo Buanarrotti (1475-1564) het verkies om te teken en te bou. Volgens Vasari het hy hom min gesteur daaraan om sy idees selfs aan sy beskermheer bekend te maak. Hy het ook moontlik die argitek se rol as ontwerper onafhanklik van die kliënt 'of enigiemand anders' die duidelikste gestel (Vasari, 1965: 350-351; 396-397).[5]

Terwyl hierdie, en soortgelyke stellings van ander argitekte, as arrogansie afgemaak kan word, is dit ook moontlik om dit as betrokke te beskou. Die argitek moet wyer kyk as die beskermheer, die presedent, die konstruksie. Die gebou is die teks van ondervinding en stelling, die ontleding daarvan kom ander toe - en dit sluit die kliënt in.

Die argitek-outeur en 'n opvolger, die akademiese argitek wat dikwels glad nie bou nie, word steeds deur vele argitekte gewantrou omdat hulle nie altyd met die 'werklikheid van die wêreld daarbuite' te doen het nie. Selfs suksesvolle argitekte wat hulle konsepte en voltooide geboue met gemak kan verduidelik, word dikwels met agterdog bejeën. Sommige weier dat hulle geboue enigsins publiseer word.

'n Anekdote sal dit tuisbring: Voor die Tweede Wêreldoorlog – so lui die legende – het Frank Lloyd Wright (1869-1959) die geleentheid gehad om Le Corbusier (1887-1966), wat baie geskryf en die rigting wat argitektuur in die E20 sou inslaan skerp aangedui het, te ontmoet. Wright het dit afgewys omdat hy kwansuis nooit met joernaliste sou praat nie!

---

5 Friedrich Mielke het dieselfde begrip later moontlik meer delikaat gestel deur na die vele omstandighede en persone betrokke by die ontwerp van 'n struktuur saam en die uniekheid van die situasie waarbinne 'n bouwerk daargestel word te verwys (Mielke, 1975: 25 31).

Die Moderne het die oorlog oorleef; in werklikheid was die teëlaarde gunstig vir die beginsels van die Internasionale Styl – in steen en filosofie. Die Switserse profeet het hierdie beginsels skynbaar verraai – of so het sy vroeëre (en latere) volgeling, James Stirling (1956: 155-61) geskryf – en uit die stroom padgegee. Van Nôtre Dame des Hauts sê die 'joernalis' die onmootlike, bevraagteken hyself die argitek as artikuleerde wese buitekant sy fisiese skepping:

> *I have no more complete explanation to give, since the chapel will be before the very eyes of those who buy the booklet. That is better than the most eloquent speech (Purdy, 1977: 293).*

Sy volgelinge het hom die rug gekeer en aangestorm na die horison wat alle misverstaande genieë insluk.[6]

Daar is wel 'n ander sy van die prentjie. Étienne-Louis Boullée (1728-1799) se *Architecture, essai sur l'art*, het groot invloed op sy tydgenote uitgeoefen en hy het sy vryheid om op papier te skep beklemtoon, dit terwyl vele van sy ontwerpe veridealiseerd was en onmoontlik konstrueer kon word met die boukundige tegnologie van sy tyd (Maré, Gerneke & le Roux, 1987: 80). Op die hoogtepunt van die postmoderne oproer in die vroeë jare tagtig het die Luxembourgse argitek, Leon Krier, hom as volg uitgelaat: "I can only make architecture because I do not build. I do not build because I am an architect" en hom op skryfwerk en tekeninge toegespits (Krier, 1981: vii). Dit was voor hy deur een van die destyds meer bekende argitektuurkritici, die prins van Wallis, oorgehaal is om 'n nuwe dorp, Poundbury, te ontwerp, (Sudjic, 2002: 146; Davey, 2005: 51) die resultaat waarvan deur vele argitekte as bewys beskou is waarom hy eerder by sy vroeëre stelling moes gebly het! Tog was Krier, wat intussen feitlik van die toneel verdwyn het, se invloed rekenbaar.[7]

Krier se sentiment is nie 'n uitsondering in die tweede helfte van die twintigste eeu waar die genoemde gebrek aan die argitek se standpunt op sy kop gedraai is nie. Die jare twintig was utopies.

6 Le Corbusier het wel veel oor Ronchamps te sê gehad. Kyk Tzonis (2001: 174 181).

7 Krier se stelling kan ook gelees word teen die agtergrond van die zero en nega tiewe bevolkingsgroei wat in sommige van die hoogs industrialiseerde lande bereik is; nuwe bouwerke het minder belangrik geword, die nodigheid vir teorie en publikasie meer. In Suid Afrika is die probleem op die oog af omgekeerd.

Bevry van die verlede het die argitek ’n onbekende toekoms tegemoet geloop: werk moes nuut wees, tydloos, slegs deur bruikbaarheid gevorm word, alles was meetbaar. Wispelturige en arbitrêre besluite het aan die verlede behoort. Die intensie van die argitek, versigtig versluier as konsep baseer op die realiteit van die probleem, het op die voorgrond getree. Le Corbusier is ’n goeie voorbeeld en om sy werk teenoor sy gestelde beginsels en uitgangspunte te evalueeer, het feitlik standaardpraktyk geword. Dertig jaar later was hierdie benadering vasgemessel in argitektuur en met so ’n rykdom van beskikbare sienings, het die aanhaling dikwels by die foto as die hoofwyse van illustrasie oorgeneem.[8]

Teen die vroeë tagtigerjare was die argitekte Massimo Scolari, wat teen daardie tyd slegs ’n tydelike fasade by ’n tydelike uitstalling op sy kerfstok gehad het, die Krier-broers wat omtrent niks gebou gehad het nie, Michael Graves, wat reeds beroemd was na ’n klein aanbouing, John Hejduk en Franco Purini, na slegs een of twee geboue, internasionaal bekend, kwoteer en nagevolg – dit slegs deur hulle gestelde idees en publiseerde konsepte. Vandag hoef daar nie vir die argitek se uitgangspunte gesoek te word nie, om hulle te evalueer en te vertaal het eerder van belang geword. Maar steeds word hierdie gesprekke meestal binne die beroep uitgeruil.

## 3. Beroep en geskrif

Dit is nodig om vir ’n wyle by argitektuur as beroep stil te staan. Die vestiging van ’n professie is deur die stigting van die eerste Institute vasgelê. Hulle was die resultaat van ’n strewe wat sedert die vyftiende eeu spook om van die argitek ’n opgeleide en spesialiseerde ontwerper te maak, ’n strewe wat saamloop met die opkoms van die kapitalistiese stelsel en die skerp afbakening van werkgeleenthede. Dit loop verder saam met die opkoms van kunsgeskiedenis in die agtiende eeu, die [nasionalistiese] skepping van styl as die vernaamste kenmerk van geboue in die negentiende en die ewe stilistiese reaksie daarteen in die twintigste eeu – met die argitek as arbiter van style. Hierdeur is die invloedsfeer afgekamp, het argitekte spesialiste geword. In hierdie geleidelike omwenteling is hulle veld van ingryping verbreed, het die invloed op die omgewing

8 In *Theory and design of the first machine age* is daar 471 kwotasies en 137 foto’s (Banham, 1960).

uitgebrei, maar die veld van bevoegdheid gekrimp. Van hierdie bevoegdhede is oorgeneem deur nog nuwe spesialiste: die ingenieur, stadsbeplanner, bourekenaar, boubestuurder, binneargitek, stadsontwerper en landskapargitek.

Die skuif loop chronologies met die verskyning van die Instituut en die meelopende argitektuurtydskrif soos ons dit vandag ken en die [noodsaaklike] skepping van nuwe style: Art Nouveau, die eerste van 'n reeks bewegings waardeur styl doelbewus gestel is en die ontdekking van nuwe style[9] in die verlede. Die *Building News* was die eerste om 'suiwer argitektonies' te word, dit wil sê deur slegs op styl toe te spits, maar dit was die *Architectural Review* wat oor die laaste eeu die glansblad en rolmodel geword het.

Die *Review* het gou in 'n argitektuurjoernaal vir argitekte ontwikkel, beheer en saamgestel deur hulle, dit wil sê deur professionele ontwerpers wat as skrywers maar amateurs was. Dit is maandeliks publiseer en het weinig plek aan bedryfsnuus afgestaan. Die artikels was meestal nadenkend of histories. Sy voorkoms is beïnvloed deur die tydgenootlike kunstydskrifte en in formaat, uitleg, kwaliteit van en aantal foto's was dit duidelik beter as die weeklikse tydskrifte. Siende dat dit minder tegnies en aantrekliker was het dit ook geleerde skrywers en lesers van buite die bou-industrie gelok. Dit het gelei tot 'n tradisie van artikels deur *scholars* en *dilletanti* met 'n wydreikende verskil van opinie. Die nuwe toestand het ook argitekte aangemoedig om op meer populêre wyse te skryf sodat 'n leke leserskap akkommodeer kon word. Die *Architectural Review* en ook *Domus*, wat in 1928 deur Gio Ponti gestig is en ook op mode, kuns en ontwerp konsentreer het, het die rol en aard van die Institute se tydskrifte verander.

Teen die middel van die twintigste eeu was die idees van die jare twintig en dertig uitgewoed, het die buiteskrywers verdwyn en het argitekte weer oor en weer met mekaar in joernale verkeer wat deur hulle geskryf en beheer is. Suzi Gablik (1984: 13) gaan so ver as om te sê dat, deur die erfenis van die Moderne, die kunstenaar, of argitek, alleen staan. Omdat die gemeenskap geen rigting van sy kuns voorstaan nie, moet hy sy eie uitvind of versin.

9 Byvoorbeeld Barok, erken deur Wölfflin in 1888, en Manniërisme losgemaak van Renaissance en Barok deur die werk van Vos (1920) en Dvorák (1927).

Die nuwe joernalistiek, meestal op verdoemende kritiek of utopiese manifes toegespits, was die argitekte se poging om deur gesprek by betekenis te kom, 'n betekenis wat minstens vir hulleself sinvol was. Die verlede word ondersoek in direkte pogings om hulle optrede in die hede te verantwoord en te wettig. Een van die beste voorbeelde was Rex Martienssen (1968: 112; 153-155) se *Idea of space in Greek Architecture* en die gevolglik beredeneerde plasing van die Parthenon op die Akropolis – na aanleiding van die kontemporêre strewe wat in 1929 met die bou van Villa Savoy deur Le Corbusier tot die uiterste gevoer is.

## 4. 'Ongeskoolde' skrywers

Hoewel argitekte in die laat agtiende en veral negentiende eeue ook as outeurs ontpop het, het hulle hulle aandag meestal op die argeologie en geskiedenis toegespits. Hierdie betrokkenheid kan moontlik aan die aard van hulle opleiding en die tydsgees toegeskryf word. In die sewentiende eeu is die *Académie Royale d'Architecture* gestig en in 1675 het dit tot die eerste argitektuurskool onder leiding van Francois Blondell gelei. Na die Rewolusie is dit tot die *École des Beaux-Arts* herdoop en die opleiding wat aangebied is, sou vir die volgende 250 jaar die model vir argitektuurstudies wees. Carl Gerneke het elders uitvoerig hieroor geskryf, maar die aard en gevolge van die opleiding raak slegs skrams aan die argument wat hier gevoer word (Maré, Gerneke & le Roux, 1987: 80-81).

Argeologie het in die negentiende eeu sterk op die voorgrond getree, maar 'n begin met hierdie nuwe wetenskap is in die eerste helfte van die agtiende eeu gemaak. In 1738 is Maria Amalia Christine van Sakse getroud met Karel van Bourbon, Koning van die Twee Siciliës en haar in Napels gevestig. Sy was verruk met die beelde in die paleistuin, afkomstig van die hange van Vesuvius. Op haar versoek is begin met 'n soektog na verdere kunsvoorwerpe. Veertig jaar later is JJ Winckelmann (1717-1768) se *Monumenti antichi inediti* publiseer. Dit het 'n model vir argeoloë geword (Ceram,1960: 3; 15).[10] In 1798 het Napoleon op sy onbedagte ekspedisie na Egipte vertrek. Dit was 'n militêre mislukking, maar het aanleiding gegee tot die merkwaardige eerste publikasie van Egiptiese artefakte, *Description de l'Égypte*.

10 Heinrich Schliemann (1822 1890) het in 1870 by Hissarlik begin en Troje blootgelê, in 1876 het hy die eerste grafte by Mukene ontdek; Athur Evans (1851 1941) het hom sedert 1900 op Kreta toegespits.

Hierdie nuwe belangstelling het ook neerslag gevind in die werk van letterkundiges. Walter Scott (1771-1823) se romantiese beskouing van die Middeleeuse lewe was fiktief, maar nogtans baseer op 'n diepgaande kennis van argeolgie. Johann Wolfgang von Goethe (1749-1832) se *Von Deutsche Baukunst* (1772) is een van die mees befaamde essays ooit oor die argitektuur geskryf. Hy het die Katedraal van Strassburg deeglik bestudeer, Meester Erwin von Steinbach as die skepper daarvan aanvaar en tot 'n romantiese genie verhef. Sy belangstelling in die argitektuur vind later weerklank op 'n reis na Italië (Goethe, 1962). *Notre-Dame de Paris* van Victor Hugo (1802-1885) was eweneens gebaseer op deeglike studie van die katedraal. Uit Engeland het John Ruskin (1819-1900) sy invloedryke argumente teen veral restoureerders en restourasiemetodes van sy tyd gevoer.

In al hierdie gevalle was dit die verlede en nie die argitektuur van hulle tyd wat die argitektonies 'ongeskoolde' outeurs besig gehou het. Hierdie werke was aan 'n ingeligte lekepubliek gerig, eerder as aan argitekte. Argitekte is nie gewilde keuses vir romantiese helde nie, maar in twee bekende romans is hulle tog in hulle eie tyd en in volle kleur as mense geskilder.

Van Seth Pecksniff is gesê dat hy 'n kerk kon bou deur net na 'n vel papier te staar.

> *Of his architectural doings, nothing was clearly known, except that he had never designed or built anything; but it was generally understood that his knowledge of the science was almost awful in its profundity.*

Hy was bowenal 'n morele man, veral in sy korrespondensie en gesprekke wat sorg gedra het dat die pligte wat hy die gemeenskap geskuld het uitgevoer is.

> *The brazen plate upon the door (which being Mr. Peck sniff's could not lie) bore this inscription, "PECKSNIFF, ARCHI TECT", to which Mr. Pecksniff, on his cards of business, added, "AND LAND SURVEYOR" (Dickens, s.a.: 408; 411).*

In werklikheid was Mr. Pecksniff 'n swendelaar wat huurgeld versamel het en niksvermoedende jongelinge teen 'n premium vir drie tot vyf jaar onder sy sorg geneem het. Daar het hy hulle losgelaat in 'n ruim vertrek waar "in the company of certain drawing-boards, parallel rulers, very stiff-legged compasses… [they improved themselves]." Salisbury Katedraal is vanaf die suide, die ooste, die weste, die noorde, die suidweste en die noordweste geteken. "This," said Mr. Pecksniff, throwing wide the door of the memorable

two-pair front; "is a room where some talent has been developed, I believe. This is the room in which an idea for a steeple occurred to me that I may one day give to the world. We work here, my dear Martin. Some architects have been bred in this room: a few, I think, Mr. Pinch?" Later in die roman, toon hy min gewetensbesware om 'n ontwerp van Martin Chuzzlewit, wat op besoek in Amerika was, as sy eie toe te eien (Dickens, s.a.: 67; 446-449).

Martin Chuzzlewit is tien jaar na die stigting van die Britse Instituut publiseer. Hoewel die keuse van 'n argitek in die rol van Mr. Pecksniff as lukraak beskryf is, is die ooreenkomste met die besorgdhede van die Instituut geen toeval nie. Hiervoor dui Dickens die onsekerheid oor die status en professionele benadering van die argitek en die terloopse opleiding van argitekte te fyn aan.

Buite die argiteksberoep is Howard Roark sekerlik die bekendste argitek van die twintigste eeu. Hy was 'n skepping van Ayn Rand in haar roman, *The Fountainhead*, wat later ook verfilm is. 'n Eeu na Martin Chuzzlewit is die held se opleiding nou aan 'n onberispelike Instituut vir Tegnologie (waaruit hy geskors is omdat hy geweier het om sy Modernistiese benadering vir die Instituut se Beaux-Arts strewes op te gee). Sy verhaal is welbekend, meer as ses miljoen kopieë van die roman is verkoop, en hoef nie hier herhaal te word nie. Wat belangrik is, is dat die strewes van Institute in die Engelssprekende wêreld gedeeltelik geslaagd was. Ten spyte van sy oordrewe ego (wat Rand se filosofie onderlê), is Roark 'n argitek in die professionele sin wat daaraan geheg word. Die strewe van argitekte om verstaan te word het egter agtergebly en daar is steeds nie iemand om mee te praat buite die beroep (en in sy geval ook nie binne nie) of 'n paar 'ingeligte en sterk' enkelinge nie.

Dit is ironies dat 'n 'argitek' en sy idees deur Rand se roman groot invloed by die wyer publiek uitgeoefen en 'n spesifieke, hoewel oordrewe, beeld van wat 'n argitek is daargestel het, iets wat die Institute of hulle joernale nog nie kon doen nie. Dit was hierdie laasgenoemde probleem wat die tydskrifte van die Institute moes oorkom, ook in Suid-Afrika.

## 5. Om argitektuur te lees

Deur Martienssen, as redakteur van *SAAR*, het Suid-Afrikaanse skrywers by die wyer tendens aangesluit. Deur na hulle publikasies te ver-

wys kan gevra word waarin argitekte skryf, waaroor hulle skryf en wie die skrywers is.

Om op die eerste vraag te antwoord. Daar is geen tekort aan geskrifte waarin argitekte kan publiseer nie. Omdat dit ook 'n toegepaste kuns of wetenskap is, die sukses minstens in die oprigting van geboue, waarvan vele ander in die vervaardigingsbedryf afhanklik is, word hulle publikasies deur advertensie en borgskap onderhou – so kan *Architecture South Africa* byvoorbeeld kosteloos aan Instituutlede beskikbaar gestel word.

Hierdie situasie kan natuurlik tot 'n sekere oppervlakkigheid in die aanslag lei – soveel moontlik geboue, met soveel moontlik materiale moet in so min as moontlik plek publiseer word. Dit is gevolglik nie verbasend dat geen tydskrif wat suiwer op die argitektuur toespits in Suid-Afrika akkrediteer is, en dat veral akademici wat erkende publikasie as hulle lewensbloed beskou, hierdeur geraak word nie.[11] Hulle is 'n klein groepie en daar is ander tydskrifte waarin wel met vrug en verbeeldingskrag geskryf kan word.

Waaroor en deur wie artikels geskryf word is die tweede vraag. In 1986 het Estelle Maré, argitek en professor aan die kunsdepartement van Unisa, 'n artikel in hierdie verband publiseer. In die toe pas afgelope jaar kon sy 52 publiseerde werke opspoor (Maré, 1986). Sy klassifiseer vier aspekte wat deur die artikels aangeraak word. Na 'n steekproef in die amptelike blad van die Instituut in terugwerkende dekadespronge sedert 1992 gemaak is, is haar indeling aangepas en gewysig tot vyf deurlopende temas.[12] Hulle is: argitektuurkritiek: styl, estetiese en simboliese konteks; materiele en strukturele konteks; teorie: kulturele, sosiale, ekonomiese, politieke konteks; die wyer fisiese konteks en die beroep.

'n Samevatting van die 303 artikels oorsigtelik bestudeer dui daarop dat meer as die helfte oor kritiek en teorie gaan, dit is veral deur die beskrywing van nuwe geboue of tekste, omtrent 15% oor die praktyk en professie, 18% oor die wyer omgewing en 'n skamele 7%

11 *The Journal of the Institute of South African Architects* is binne *Architecture SA* vervat. Sommige artikels in laasgenoemde is gevolglik wel akkrediteer.

12 *Architecture SA*, 1992 & 1982; *Plan* 1972; *SAAR* 1952, 1942, 1932.

13 Die meeste van hierdie akademici het ook praktiseer en heelwat oor hulle eie werk geskryf.

oor materiale en konstruksie. Dit is maklik om af te lei wat deur argitekte as belangrik geag word. 'n Tweede afleiding is dat akademici in ekonomiese krisistye vir die beroep op die voorgrond tree.[13] Hier moet bygesê word dat dit feitlik tradisie is dat 'n akademikus die redakteur van die amptelike joernaal is. Volgens hulle praktiserende kollegas het hulle die tyd om te skryf!

Dit bring ons by 'n ongestelde vraag wat natuurlik volg as die ignoreerde leidrade in die gesprek opgetel word: die "uniformity and respectability" van die beroep, die mikpunte van die plaaslike Instituut, die verband tussen geboude en geskrewe teks en die sofistiese stryd wat hulle outeurs daarom voer, die strewe na spesialisasie, die mikpunt met betekenis en die onderwerpe van publikasies.

Vir wie word geskryf? Is dit vir mede-argitekte? Akademici van randdissiplines? Vorige of toekomstige kliënte? Of vir publikasie? Dit is moontlik waar bekommernis moet setel: dat daar nog nie duidelikheid in hierdie verband gekry of gesoek is nie, en dat daar nie buite die beroep oor argitektuur gepraat word nie.

As gevolg van hierdie oorsig is daar geen intelligente en kundige leserspubliek buite die veld van die spesialiste gekweek nie, is daar nie 'n publiek wat dit moontlik maak om ook die meer simboliese, selfs esoteriese aspekte van die dissipline, waaroor argitekte skynbaar so besorg is, te neem om die gesogde tydskrif moontlik te maak nie – 'n tydskrif waarin minstens deur die spesialisasieverskansings gebreek kan word. Moontlik bestaan die woordeskat nie om oor grense heen te praat nie? 'n Onlangse voorbeeld dui in hierdie rigting.

In haar intreerede as hoof van die Departement Argitektuur aan die Universiteit van Pretoria het 'Ora Joubert die 'swak hedendaagse Suid-Afrikaanse argitektuur' aangevat in 'n rede wat daarop gemik was om 'n soeke na die werklikheid van ons omgewing en die argitektuur wat daaruit kan spruit te propageer. Sy het as een van die voorbeelde van wanaangepaste bouwerk terloops na die sogenaamde Toskaanse styl verwys. Die res van haar rede was gou vergete en in [meestal] Afrikaanse koerante en tydskrifte van die Kaap tot Limpopo is 'n maandlange gesprek gevoer oor die waarde, al dan nie, van die 'styl' Wat duidelik geword het was dat hier eerstens 'n onderwerp vir wyer bespreking was en tweedens dat daar 'n gedeelde woordeskat was om die gesprek te voer.

Behalwe vir een oorsig in *Die Burger* (Kirsten, 2004), het die gesprek geen werklike hoogtes bereik en is daar nooit tot enige werkbare slotsom gekom nie, maar dit was 'n belowende begin.

Tog was dit duidelik dat argitekte en die publiek in dieselfde publikasies met – of minstens verby – mekaar kon redekawel. Sommige argitekte glo dat hulle die styl, en vele ander, gebruik omdat kliënte dit verlang (De Beer, 2004: 6). Staan hulle dus weerloos voor hulle kliënte en die vereistes en versoeke van die praktyk? Sou hulle toegelaat word, meen baie, sou hulle heel anders ontwerp. Maar omdat hulle geleer het om net met mekaar te praat, tydens studies en in hulle joernale, het hulle nie die aanpasbare woordeskat om dieselfde gedagtes en strewes met hule kliënte te deel nie? Dus, of so moet ons aflei, het hulle skole en hulle instellings hulle nie voorberei op die werklikheid nie. Twee gesprekke word dus nodig, een oor Argitektuur, met 'n hoofletter, en een oor bouwerk vir almal?

Dit is ironies dat vele kliënte se versoeke heel waarskynlik op die inligting uit randpublikasies tot die argitektuur kom. Die versoeke is heel waarskynlik geskoei op die voorbeelde wat uit hierdie tydskrifte versamel kan word. Vele glanstydskrifte is op winkelrakke beskikbaar – hierin word 'styl' of minstens sekere modieuse voorkomste "uit Londen, Parys en Tokio" dikwels as amper noodsaaklik vir geluk voorgedoen (Du Preez, 2003: 4). Die skryfwyse is onakademies, dikwels wuf en tog dogmaties, maar hierdie tydskrifte is gewild, verkoop in hulle duisende, en skep vele van die beelde wat verlang word. Hierdie lesers sien nooit die gesprekke wat om argitektuur in die Instituut se joernaal gevoer word nie, verstaan nie die terminologie gebruik nie maar 'weet' wat hulle wil hêen arriveer gereëld by argitekskantore met plakboeke uit hierdie tydskrifte saamgestel. Daar is selde beelde wat uit die Instituut se joernale kom.

Miskien neem argitekte die aard van hulle professie net te ernstig op, en word die gedagte om argitektuur te skryf met te groot erns bejeën?[14] Die eenvoudige verduideliking van die proses van 'n ontwerp mag genoeg wees, die refleksie waardevol, die woordeskat verstaanbaar vir een en almal. En moontlik is hierdie gesprekke

14 So skryf die redakteur van *Leading Architecture and Design* heel gemaklik: My interest in architecture and design began fom an early age, but somehow I ventured into journalism instead. I recently desided to do something about my interest in architecture, and enrolled for an architectural draughting course (Garassino, 2003: 2)

sonder verval in wartaal nie so moeilik nie, en is argitektuur nie te ingewikkeld om te verstaan en te verwoord nie – dit is as dit verwyderd praat van die geheim van skepping en skepper wat dikwels veel te groot aandag kry en nie deur leek of soms selfs die argitek verstaan word nie.

Die gevierde argitektuurkritikus, Ada Louis Huxtable, het vyf-en-twintig jaar gelede reeds versugtend protesteer:

> *I cannot think of better words for what is going on in architecture right now than ambiguous, strange and askew… Architects' writings today go beyond permissible ambiguity. They are being couched in the most obscure, arcane, and unclear terms, borrowing freely from poorly digested and often questionably applied philosophy or skimmings from other fashionable disciplines… Small ideas are delivered in large words and weighed down with exotic and private references. Intellectual trendiness is rampant (Huxtable, 1980: 23).*

Dit wil lyk asof niemand na haar geluister het nie.

## Bibliografie


Banham, R. 1960. *Theory and design in the first machine age*. Cambridge: MIT Press.

Briggs, M.S. 1974. *The architect in history*. New York: De Capo.

Carpenter, R. 1970. *The architects of the Parthenon*. Harmondsworth: Penguin.

Ceram, C.W. 1960. *Gods, graves, and scholars*. London: Victor Gollancz.

Davey, P. 2005. Death of High Modernism. *Architectural Review*, 117(1297), pp. 45-51.

De Beer, P. 2004. Reflections. *Architecture South Africa*, pp. 5-6, Nov/Dec.

Dickens, C. s.a. [1844]. *Martin Chuzzlewit*. London: Cassell & Company.

Du Preez, K. 2003. Ed's notes. *Elle Decoration*, p. 4, Summer.

El Abbadi, M. 1990. *Life and fate of the ancient library of Alexandria*. Cairo: Unesco.

Gablik, S. 1984. *Has Modernism failed*? New York: Thames & Hudson.

Garassino, M. 2003. Dear readers. *Leading Architecture & Design*, p. 4, Nov/Dec.

Goethe, J.W. 1962. *Italian journey*. Harmondsworth: Penguin.

Huxtable, A.L. 1980. The troubled state of modern architecture. *The New York Review of Books*, 180, pp. 23-26, May 2.

Kirsten, J. 2004. Wat van iets anders as 'Toskaans'? *Die Burger*. 27 November.

Krier, L. 1981. *Drawings 1967 1980*. Bruxelles: Archives d'Architecture Moderne.

Lewis, J.S. 1953. The Institute of South African Architects its first twenty five years. Supplement to *The South African Architectural Record*, May.

Maré, E. Gerneke, C. & Le Roux, S. 1987. Importance of architect's views to architectural history. *South African Journal for Cultural and Art History*, 1(1), pp. 76-90.

Maré, E. 1989. Oorsig van argitektuurpublikasies in Suid Afrika 1985-1986. *South African Journal for Cultural and Art History*, 3(3), pp. 181-185.

Martienssen, R.D. 1968 [1956]. *The Idea of space in Greek architecture*. Johannesburg: Wits University Press.

Mielke, F. 1975. *Die Zukunft der vergangenheit*. Stuttgard: Deutsche Verlags Anstalt.

Purdy, J. 1977. Le Corbusier and the theological program. In: Walden, R. (ed.) *The open hand. Essays on Le Corbusier*. Cambridge: MIT Press.

Saint, J. 1983. *The image of the architect*. New Haven: Yale University Press.

Stirling, J. 1956. Ronchamp Le Corbusier's chapel and the crisis of rationalism. *Architectural Review*, 161(711), pp. 155-161.

Sudjic, D. 2002. Ripensamenti: Leon Krier. *Domus*, 846, pp. 146-148.

Tzonis, A. 2001. *Le Corbusier the poetics of machine and metaphor*. London: Thames & Hudson.

Vasari, G. 1965 [1550]. *Lives of the artists*. Selection translated by G. Bull, Harmondsworth: Penguin.

Wale, L. 1951. These are our aims. *Architect and Builder*, 1(1), p. 19.

Watkin, D. 1977. *Morality and architecture*. Oxford: University Press.